

JESUS BREEK ONS TOEKOMS OOP ...

1 KOM TOT RUS

- 1.1 Hoe belangrik is Jesus vir jou ... en hoekom is Jesus vir jou belangrik?
- 1.2 Kom ons kom tot rus by ons Here:

Jesaja 40:1-11

Die uitkoms is hier! Die uitkoms is hier! Dit, sê julle God, moet julle vir my volk sê. Bring vir Jerusalem die goeie tyding, sê vir hom sy swaarkry is verby, hy het geboet vir sy sonde, hy het van die Here die volle straf ontvang vir al sy sondes. Iemand roep: "Maak vir die Here 'n pad in die woestyn, maak in die barre wêreld 'n grootpad vir ons God! Elke laagte moet opgevul word, elke berg en rant moet gelykgrond word. Elke bult moet 'n gelykte word en elke koppie 'n vlakte. Dan sal die mag van die Here geopenbaar word; al wat leef, sal dit sien. Die Here self het dit gesê." Iemand sê: "Roep!" En ek vra: "Wat kan ek roep? Alle mense is soos gras, alles waarop hulle staatmaak, is soos 'n veldblom: gras verdor en blomme verwelk as die Here sy wind daaroor laat waai." Dit is so, die volk is soos gras. Gras verdor en blomme verwelk, maar die woord van ons God bly vir ewig. Klim op 'n hoë berg en roep hard, Sion, jy wat die goeie tyding moet bring; roep hard, Jerusalem, jy wat die goeie tyding moet bring, moenie bang wees nie. Sê vir die stede van Juda: "Julle God is hier!" Die Here God kom, Hy is die Magtige, Hy regeer. Hy bring die volk saam wat Hy Syne gemaak het, dié wat aan Hom behoort, is by Hom. Soos 'n herder versorg Hy sy kudde: die lammers maak Hy bymekaar in sy arms en Hy dra hulle teen sy bors, Hy sorg vir die lammerooie.

2 KOM ONS HOOR ...

2.1 Luister na Here

- 2.1.1 Lees Matteus 1.

2.2 Luister na mekaar ... en na ander

- 2.2.1 Wat spreek jou aan? Waaroor het jy vrae? Wat laat jou opgewonde voel? En onseker?
- 2.2.2 In Matteus 1:1 beklemtoon Matteus dat sy evangelie *die boek van die wording van Jesus Christus* is:
 - Wat is die verband tussen Matteus 1:1 en Genesis 2:4 en 5:1?
 - Wat beteken die naam *Christus*?
 - Watter beloftes word volgens Matteus in Jesus werklikheid (vergelyk Genesis 12:1-3 en 2 Samuel 7:12-16)?

Genesis 12:1-3

Die Here het vir Abram gesê: "Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af na die land toe wat Ek vir jou sal aanwys. Ek sal jou 'n groot nasie maak, Ek sal jou seën en

jou 'n man van groot betekenis maak, en jy moet tot 'n seën wees. Ek sal seën wie jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek. In jou sal al die volke van die aarde geseën wees.”

2 Samuel 7:12-16

Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom 'n bestendige koningskap gee. Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koningskap vir altyd laat voortbestaan. Ek sal vir hom 'n vader wees en hy sal vir My 'n seun wees. As hy ontrou is, sal Ek mense gebruik om hom te straf, hom te kasty. Maar my trou sal Ek nie aan hom onttrek soos Ek dit aan Saul onttrek het om vir jou plek te maak nie. Jou koningshuis en jou koningskap sal vir altyd vas staan; jou troon sal altyd voortbestaan.

2.2.3 In Matteus 1:2-17 gee Matteus *Jesus se geslagsregister*:

- Wat is Matteus se doel met hierdie geslagsregister?
- In watter drie fases deel Matteus die geskiedenis tot Jesus in?
- Hoekom word juis hierdie drie periodes beklemtoon?
- Hoe lank duur 'n generasie in die Joods-Griekse geskiedenis?
- Watter tydspanne omskryf Matteus dus in Jesus se geslagsregister?
- Wat is opvallend in die eerste tydperk?
- Wat is opvallend in die tweede tydperk?
- Wat is opvallend in die derde tydperk?
- Hoekom word voortdurend gestel dat die pa die seun verwek het, maar by Jesus dat Hy uit Josef gebore is?

2.2.4 In Matteus 2:18-25 vertel Matteus nou hoe Jesus se besondere geboorte uit Josef (1:16) plaasgevind het:

- Met watter werklikheid is Josef volgens vers 18 gekonfronteer?
- Hoekom wil Josef juis in die geheim van Maria skei? Watter perspektief bied die beskrywing van Matteus as *aan die wet van Moses getrou*, letterlik *regverdig*, asook Deuteronomium 22:23-24 en 24:1?

Deuteronomium 22:23-24

Wanneer 'n man 'n verloofde meisie in die stad raakloop en met haar gemeenskap het, moet jy altwee na die stadspoort toe uitbring en met klippe doodgooi. Hulle moet sterf: die meisie omdat sy nie in die stad om hulp geroep het nie en die man omdat hy die verloofde van sy volksgenoot onteer het. So moet jy hierdie soort kwaad tussen julle uitroei.

Deuteronomium 24:1

Wanneer 'n man met 'n vrou trou, kan dit gebeur dat hy haar nie meer liefhet nie omdat hy iets onbetaamliks aan haar gevind het. Dan mag hy 'n skeibrief skryf en dit vir haar gee en haar uit sy huis uit wegstuur.

- Wat sê die engel vir Josef, en hoekom is dit belangrik om te besef dat die engel juis sê: *kom van die Gees, die Heilige*?
- Watter opdrag kry Josef nou rondom Jesus? Wat is die goeie nuus in die naam *Jesus*? Neem Josef vir Jesus aan ... of word Josef deur die Here as pa van Jesus aangeneem?
- Die engel bevestig hoe Jesus die beloftes van die Here 'n werklikheid maak. Na watter belofte verwys die engel? Watter klem word hier op Jesus geplaas?
- Hoe reageer Josef op die engel se opdrag? Wat kom hiermee na vore van hoe mens aan die verlossing deel kry?

2.3 **Luister weer na Here**

2.3.1 Lees weer Matteus 1.

2.3.2 Wat tref jou nou?

3 **KOM ONS LEEF ...**

3.1 Jesus is Goeie Nuus: *Hy breek die toekoms oop vir mense wat self vasgedraai het in hul lewe!*

3.2 Waar is my lewe tans vasgedraai ... en hoe maak ek juis nou op Jesus staat?

3.3 Hoe gaan ek die goeie nuus van Matteus 1 in die wêreld leef?